 Marleen Smith marleen.smith@landbou.com

# Kanola toon groot belofte in noorde

Kanola toon belofte om 'n nuttige alternatiewe gewas in die somersaaistreke te word. Dit kan dubbeldoordiens as groenvoer én kommersiële oliesaad lewer en het boonop heelwat wisselbou-voordele.

'n Boer van Clocolan in die Oos-Vrystaat het groot lof vir droëlandkanola as weidingsgewas.

Mnr. Hansie Muller van die plaas Wittepoort het in Maart verlede jaar sy eerste 15 ha kanola vir voer geplant op 'n land waarop die vorige seisoen mielies verbou is. Hy rond jaarliks speenkalwers op hawer en rog af as deel van 'n gemengde boerdery.

Hy het eintlik 'n plaasvervanger vir koring gesoek en het in Junie 12 ha kanola geplant met die idee om dit te stroop. Kwelea-vinke, 'n algemene plaag in dié gebied, het Muller se voorneme egter in die wiele gery toe hulle in die lente in reuse-swerms op die kanola toegesak het, waarskynlik omdat dit net 'n klein aanplanting was. Dit het hom genoop om die tweede land ook te laat bewei, ook met groot welslae.

Danksy genoeg grondvog het die Maart-aanplanting binne twee weke opgekom, en middel Mei 12 mm reën gekry. Die Junie-aanplanting, wat aanvanklik nie reën gekry het nie, het eers ná 'n maand begin opkom.

Muller sê hy het op 10 Mei die eerste 115 speenkalwers op 10 ha van die Maart-aanplanting ingejaag. Twee dae later het hy nóg 100 kalwers ingejaag en vyf dae later nóg 40. Dié belading was sowat vier keer swaarder as waarmee hy gewoonlik sy rog- en hawerlande belaai.

Hy het die orige 5 ha met 'n elektriese draad afgespan en 67 koeie met kalwers daarop ingejaag.

Die 255 speenkalwers het die 10 ha tot 22 Junie bewei, toe hulle teen gemiddeld 240 kg verkoop is. Teen daardie tyd was die land steeds nie kaalgevreet nie, sê Muller. Hy het gevind dat die kanola keer op keer uitgroei, selfs as dit stomp teen die grond afgevreet is. Dit was telkens binne twee tot drie weke weer groen en gereed om bewei te word.

Aanvanklik het die kalwers traag aan die kanola begin vreet, maar binne 'n week was dié aanpassingstyd verby.

Die kanola se bemestings- en bewerkingskoste was dieselfde as sy koring- en ander groenvoerlande, maar die saad was aansienlik goedkoper. Geen onkruid- of plaagbestryding was nodig nie. Muller meen dit is omdat die kanola die grond so dig toegroei.

Muller beoog om sy kanola-aanplantings hierdie jaar tot 60 ha uit te brei, wat hy oor vier verskillende planttye wil versprei.

Hy het die volgende verbouingspraktyke gevolg: Hy het die grond ('n Hutton-tipe met 'n pH van 5,2) eers met 'n kontra-sny-eg en toe met 'n beitelploeg bewerk. Daarna het hy kunsmis (40:8:22) gestrooi, waarna hy 'n ferm, gelyke saadbed met 'n tandwerktuig gemaak het.

Die kalibrering van sy Brillion-fynsaadplanter was moeilik omdat die kanolasaad so fyn is. Muller het egter gevind dis nie so 'n groot probleem wanneer die kanola nie gestroop word nie, want op plekke waar dit te yl gesaai is, het die plante vergoed deur in bosvorm horisontaal uit te sprei. Op plekke waar dit te dig gesaai is, het die plante weer regop gegroei en hul blaremassa aan die bokant gedra.

Sy raad aan ander boere is om die kanola so vlak moontlik te probeer plant. "As daar genoeg grondvog is, hoef jy dit eintlik net bo-op die grond uit te strooi en vas te trap."

Hy het die kultivars Varola 600 TT en Hyola 61 in Maart geplant. Vir die Junie-aanplanting het hy 'n Pioneer-kultivar gebruik wat teen die onkruiddoder Cysure bestand is. Lusern is ook teen Cysure bestand, wat beteken jy kan op so 'n land lusern onder saai.

## Dubbeldoelgewas in Australië

Mnr. Petrus Fouché van PhytoPharming, 'n maatskappy wat hernieubare energie bevorder en kanolaproduksie in Suid-Afrika wil verhoog, sê die aanplant van kanola om te bewei is nog nie 'n algemene praktyk in die Wes-Kaap nie, waar dié gewas tradisioneel verbou word. Dit is egter beslis aan die toeneem.

In Australië word kanola reeds as 'n dubbeldoelgewas beskou, vir beweiding én vir stroop, sê hy.

Sy ondervinding is dat kanola tussen een en 'n half en twee keer meer droëmateriaal as hawer produseer. In die Vrystaatse droëlandgebiede kan dié syfer selfs hoër wees as somerreën in 'n land opgegegaar is en vroeg daarop geplant is. Dit wil voorkom asof dit meer droogtebestand as lusern is.

Kanola se totale verteerbare voedingstowwe, proteïeninhoud en metaboliseerbare energie is ook beter as dié van hawer (sien **tabel**), en die nie-verteerbare vesel minder as in hawer.

Soos met enige weidinggewas, kan blousuur ook in kanola-weiding 'n probleem wees, sê Fouché. Met die nodige bestuursmaatreëls, soos 'n swaellek of om die diere nie in te jaag as hulle honger is of die plante verlep is nie, kan dit egter maklik voorkom word.

## Vervoerkoste gesubsidieer

Mnr. Kellie Becker, besturende direkteur van Southern Oil Beperk (SOILL), tot dusver die enigste groot koper van kanola ▶

**Vergelykende chemiese ontleding van verskillende gewasse as weiding of hooi**


| | Kanola (weiding) | Hawer (weiding) | Kanola (hooi) | Lusern (hooi) | Sugargraze (staande hooi) |
|---|---|---|---|---|---|
| Droëmateriaal (%) | 16,9 | 14,2 | - | - | 85 |
| Proteïene (%) | 17,7 | 15,6 | 15,8 - 16,4 | 15,3 - 16,9 | 4,3 - 5,6 |
| Vet (%) | 3,8+ | 2,6 - 3,6 | 2,0 - 2,2 | 1,9 - 2,0 | 1,7 - 2,0 |
| Ruvesel (%) | 14,7 | 24,9 | 27,5 - 31,0 | 26 - 36 | 32,1 - 37,6 |
| Nie-verteerbare vesel (%) | - | - | 40 - 42 | 45 - 48 | 62,8 - 65,4 |
| Totale verteerbare voedingstowwe (%) | 65,8 | 60,7 | 56 - 58 | 56 - 61 | 56,1 - 59,2 |
| Metaboliseerbare energie (mJ/kg) | 9,88 | 9,11 | 9,6 | 8,9 | 8,3 - 8,9 |



Besproeide kanola word platgesny op die plaas van die Osborne-familie buite Hartswater. Dié boerdery se gemiddelde kanola-opbrengs was 3 ton per ha op 388 ha. Op drie van die lande, van altesame 130 ha, was die gemiddelde opbrengs egter 5,5 ton per ha. Die groot verskil is waarskynlik omdat die platsnyery en stropery ietwat laat was. Dit kon heelwat oesverliese op die sanderige lande meegebring het.



Mnr. Andreaco le Grange van Agricol in Kimberley by welige proefaanplantings van kanolakultivars onder besproeiing buite Hartswater.



Groen kanolapeule op die besproeiingsplaas van die Osborne-familieboerdery buite Hartswater. Foto: Johan Norval




local
is lekker!

As 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy kombineer ons internasionaal gedrewe navorsing met plaaslike kundigheid.

SA se TOPPRESTEERDER

PRESTASIE BEPROEFDE SAAD

WÊRELDWYE NAVORSING · PLAASLIKE PRESTASIE

www.pannar.com

PANNAR®

Vir meer inligting kontak:
Tel: (033) 413 9500 • infoserve@pannar.co.za

2011/CORP/A/031A

in Suid-Afrika, sê dié maatskappy subsidieer noordelike boere se vervoerkoste gedeeltelik. Dit is om te verseker dat hulle 'n mededingende prys kan verdien vergeleke met hul Wes-Kaapse eweknieë wat nader aan dié maatskappy se parsaanleg op Swellendam geleë is.

SOILL wil graag kanolaproduksie na die noordelike gebiede uitbrei omdat hy 70 000 ton kanola per jaar kan verwerk en die Wes-Kaapse oes gewoonlik maar sowat 40 000 ton is. "Ons het altyd minstens 20 000 ton onbenutte kapasiteit, en die Wes-Kaap het nie die nodige produksievermoë om daarin te voorsien nie."

Die aanleg, wat in 2009 minder as 100 ton vanaf noordelike boere ontvang het, het die afgelope oes bykans 1 500 ton uit die noorde gekoop. Hiervan was amper 1 200 ton besproeiingskanola vanaf die Burger & Osborne-familieboerdery by Hartswater, en die res vanaf Kokstad en Petrusburg.

Becker sê dit is moeilik om in hierdie stadium al pryse vir die komende oes te gee. Gegewe die heersende marktoestande kan produsentepryse in die omgewing van R3 900 per ton wees.

Graan SA bied boere ook 'n riglyn van wat die gemiddelde binnelandse kanolasaadprys kan wees. Dié prys is afgelei vanaf die pryse van ingevoerde soja-oliekoek, Argentynse soja- en sonneblomolie, Duitse raap-olie en die Safex-sonneblomprys.

Mnr. Barrett Schoeman, landbou-ekonoom by Graan SA, wys egter daarop dat dié prys net as 'n riglyn beskou behoort te word van wat die plaaslike kanolaprys kan wees en nie noodwendig die prys is wat 'n koper uiteindelik met 'n spesifieke boer onderhandel of aanbied nie.

Die Suid-Afrikaanse kanolamark kan binne die volgende paar jaar meervoudig groei as PhytoEnergy se planne vlot om 'n biodiesel-aanleg by Coega, naby Port Elizabeth, op te rig.

Fouché sê die maatskappy beoog om van aanstaande jaar se kanola-oes te begin opberg en teen 2013 biodiesel daaruit te begin vervaardig. Die beoogde aanleg sal jaarliks 1,1 miljoen ton kanolasaad kan verwerk, wat sowat 350 000 ha verteenwoordig.

Die plan is ook om kanolasilo's in die verskillende produksiestreke op te rig, sê hy.

## Wenke

Noordelike kanolaboere het die voordeel dat hulle nie weer skoolgeld hoef te betaal nie, maar uit die foute van hul voorgangers in die Wes-Kaap kan leer.

Fouché en mnr. Willie Jonker van die saadmaatskappy Allgro, wat verlede seisoen die eerste keer kanola-kultivarproewe in die noorde (by Brits) gedoen het, gee 'n paar wenke:



**Mnr. Petrus Fouché, kanola-kenner van die maatskappy PhytoPharming, op 'n boeredag by Hartswater waar hy boere gemaan het teen 'n te digte plantestand onder besproeiing.**

- 'n Ferm en gelyk saadbed is 'n belangrike voorvereiste vir gelyke opkoms. Vestiging in die droëlandgebiede is moeiliker as onder besproeiing. Plant dus voor of met die laaste somerreën in goeie vog, of plant droog met reën daarna. As jy ná die reëntyd met bewerking plant, moet dit dadelik ná die bewerking geskied om goeie vog vir ontkieming te verseker. Hoe vroeër geplant word, hoe meer is die droëmateriaalproduksie en hoe meer en vroeër kan dit bewei word. Wees daarop bedag dat die reën in 'n El Niño-jaar vroeër kan ophou.
- Kanola verbruik 40 kg stikstof per ton saadopbrengs. Bemes dus dienooreenkomstig. Vir beweiding én oes moet bykomend bemes word. Op proefaanplantings waar 'n bykomende 50 kg stikstof per ha toegedien is, was die saadopbrengs ná beweiding net 8,3% minder as op lande wat nie bewei is nie. Kanola reageer uitstekend op bemesting.
- In laereënvalgebiede moet kanola so vroeg moontlik bewei word om té welige groei en dus hoë vogverbruik te voorkom. Gewoonlik behoort vroeë aanplantings (Januarie tot Maart) ná 'n maand tot 'n maand en 'n half reeds bewei te kan word.
- Hoe vroeër beweiding gestaak word vanaf Mei, hoe vroeër kan geoes word en hoe hoër behoort die opbrengs te wees. As die land tot ná Junie of Julie bewei word, sal die oesproses so laat wees dat mielies nie in dieselfde seisoen geplant sal kan word nie.
- Omdat kanola 'n oliesaadgewas is, het dit 'n baie groter behoefte aan swawel en fosfate as ander grane. Die gewas benodig 7 kg fosfaat en 10 kg swawel per ton saad-opbrengs.
- Om oesverliese weens oopspring (as die peule te ryp word) te voorkom, moet teen sowat 12% vog geoes word. Die veiligste opsie in die somerreëngebiede is egter om die plante voor strooptyd in windrye plat te sny.
- Pasop vir 'n te hoë plantdigtheid onder besproeiing. Dit veroorsaak enkele lang, dun stamme met min vertakkings aan die onderkant, wat die staanvermoë verswak sodat die volwasse plante makliker omval. Plante wat omval of gaan lê, bemoeilik die oesproses omdat jy dan te laag moet platsny of oes. Dit verhoog die hoeveelheid plantmateriaal wat deur die platsnyer of stroper beweeg en veroorsaak verstoppings.
- As jy vroeg in die seisoen op droëland plant wanneer temperature nog hoog is, kan dit 'n risiko wees om die saad net op die grond neer te sit weens die gevaar dat die bogrond uitdroog. Hoe later in die seisoen, wanneer die kans vir reën kleiner is en dit kouer raak, hoe vlakker kan jy plant, maar dit moet steeds in goeie vog wees.
- Saadbehandeling teen insekte en grondgedraagde siektes is ononderhandelbaar.
- Somerkanola kan as 'n vanggewas benut word. Dit kan vanaf middel Desember tot die eerste week in Januarie geplant word om voor die ryptyd gereed te wees om gestroop te word. Gebruik dan kultivars met 'n kort groeityd. Winterkanola (kultivars met 'n lang groeityd van sewe tot agt maande) kan tot April geplant word. As dit later geplant word, verkort die groeityd dienooreenkomstig en dus ook die opbrengspotensiaal. Pasop dan veral vir te veel los grond bo-op die klein saadjie. Kanola kan ook in die lente geplant word, veral as vroeë weiding nodig is, maar grondtemperature nog te koud vir somergewas-aanplantings is. In so 'n geval kan die kanola vir die lente, somer en daaropvolgende winter weiding verskaf as daar genoeg vog en plantvoeding is.
- Wat kultivars betref, kan Australiese lentetipes met 'n lang groeityd of Europese wintertipes vir vroeë wei-en-oes-aanplantings gebruik word. Die Australiese lente-tipes moet bewei word, anders blom hulle te vinnig en vorm peule. Dit beteken dat ryp die saad laat vries (soos by koring), wat opbrengs benadeel. 'n Voordeel van hierdie kultivars is dat die proteïeninhoud vir beweiding in die blom- en peulvormingstadiums vanaf 17,7% tot sowat 22% verhoog. Europese wintertipes het genoeg koue nodig voordat die plant in die reproduktiewe stadium van blom- en saadvorming sal ingaan. LB



**Kanola het die Osbornes van Hartswater in staat gestel om weer siektevrye koring te verbou. Van links is mnre. Ferdi, Rudi, Rudolph en Bennie Osborne. Foto: Johan Norval**

AFRIKA

## Twee seisoene van sukses

Die Burger & Osborne-familieboerdery van mnr. Rudolph Osborne en sy seuns, Ferdi, Rudi en Bennie, buite Hartswater het twee seisoene gelede die eerste keer kanola onder besproeiing op 'n proefgrondslag geplant omdat grondsiektes die oorhand gekry het.

Daardie eerste aanplanting van 40 ha was so 'n groot sukses dat hulle dit uiteindelik gestroop het, terwyl die aanvanklike plan was om dit bloot in die grond in te werk. Vanjaar het hulle 388 ha kanola geplant en 'n gemiddelde opbrengs van 3 ton per ha behaal.

Die maatskappySouthern Oil Beperk (SOILL) het die Osbornes R3 250 per ton betaal en die kanola op hul plaas kom laai, vergeleke met die finale prys van R3 400 per ton wat Wes-Kaapse boere ontvang het.

Osborne sê kanola was nie net in geldwaarde winsgewend nie, maar het ook hul lande se grondgehalte merkbaar verbeter en hul mielie- en koringoeste in opvolgaanplantings klaarblyklik opgestoot. Hulle het die mielies direk ná die kanola geplant, en die mielie-oes was siektevry. Dié mielies het ook langer groen gebly, en die opbrengs was hoër as met hul vorige mielie-aanplanting wat ná 'n koring-oes gevolg het, sê hy.

Nóg 'n voordeel van die kanola vir hulle was dat die groeityd vinniger as met koring was. Terwyl hulle gewoonlik eers vanaf 10 Desember koring stroop, kon hulle al begin November die kanola begin stroop.



positiewe groei

Met meer as 50 jaar se ondervinding in die saadbedryf is ons inderdaad 'n markleier.

SA se TOPPRESTEERDER

PRESTASIE BEPROEFDE SAAD

WÊRELDWYE NAVORSING PLAASLIKE PRESTASIE

www.pannar.com

PANNAR.

Vir meer inligting kontak:
Tel: (033) 413 9500 • infoserve@pannar.co.za

2011/CORP/A/031A